**Donderdag 28 November**

| Skrifgedeelte: Hebreërs 12:14-28 | Fokusgedeelte: Hebreërs 12:28-29 |
| --- | --- |

**Groot genade roep ons tot groot verantwoordelikheid**

In Lukas 12:48 sê Jesus: “Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word.” Die woorde van die Hebreërsskrywer in hoofstuk 12:27-28 beteken presies dieselfde. Ons het baie ontvang. Ons het ’n onwankelbare koninkryk ontvang omdat Jesus Christus Homself as ons Hoëpriester aan die kruis geoffer het, sodat ons nou burgers van God se koninkryk kan wees. Na sy opstanding uit die dood is Hy nou ons ewige Middelaar aan die regterhand van die hemelse Vader. Ons het direkte toegang tot die Allerheiligste God. Oor al hierdie sake het die eerste hoofstukke van die Hebreërsboek gehandel.

Hierdie groot genade wat ons ontvang het, roep ons tot groot verantwoordelikheid. Ons moet die Here nou dankbaar dien, met eerbied en ontsag. Hoe dieper en groter ons besef van genade is, hoe groter en dieper sal ons reaksie op sy goedheid wees. Ons lewens sal al hoe meer verander. Ons sal ons onder andere beywer vir vrede met alle mense, asook ’n heilige lewe (vs 14). Ons sal sorg dra om nie van die geloof afvallig te word nie (vs 15-17). Ons sal versigtig wees om die Here nie af te wys nie (vs 25-27).

Hebreërs 12:14-29 is nie net geskryf vir mense wat amper 2000 jaar gelede geleef het nie. Dit is ook vir jou geskryf. Hoe groot is jou besef van God se genade aan jou? Hoe kom daardie besef in jou lewe en lewenswyse na vore?

*Sing: Psalm 130-1:1, 2, 4*

*Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)*